’n Bate-gebaseerde benadering tot armoede

Peter Grove *is assessor van die VGK Kaapland Sinode, predikant by die VGK Sarepta en verbonde aan Ekklesia by die Unversiteit van Stellenbosch. Sy taak behels navorsing oor die kerk se rol in armoedebestryding. Hy gebruik die ABCD-metode om gemeentes aan te moedig daartoe.*

Ons Suid-Afrikaanse gemeenskap leef in twee wêrelde.

Die een is oorwegend welvarend en dit lyk nie of daar algemene materiële nood is nie. Die ander getuig van tekort, van gebrek en ’n gemeenskap wat nouliks aanmekaar gehou word.

In die arm wêreld sien jy oral werkloses. Talle jongmense ervaar min vooruitsigte vir die toekoms. Die woongebiede van arm mense is verwaarloos. Ordentlike parke vir kinders bestaan nie. Huise is dikwels bloot oorlewingstrukture.

Die Bybel oor armoede

Die Woord van God is vir ons ’n onuitputlike bron van leiding en insig oor die uitdaging van armoede.

Bryant Myers skryf in sy boek *Walking with the poor,* oor verskeie sienings, temas, ontledings en reaksies oor armes wat in die Bybel voorkom. Hulle word gesien as geskape na God se beeld, verteenwoordigers van Christus en mense wat sy vleeswording beliggaam.

By die profete is hulle God se geliefdes.

In die wysheidsliteratuur is hulle soms mense in opstand – die rebelle.

Die evangelies sien die armes dikwels as die verlorenes.

Jesaja 65:17-25

Die Chinese Christen, Raymond Fung, identifiseer in Jesaja 65:17-25 ’n aantal prioriteite vir armoedebestryding wat hy die “Jesaja-Agenda” noem. Ons lees in daardie gedeelte dat in God se herskape wêreld kindertjies nie meer op vroeë ouderdom sal sterf nie. “Grysaards sal hulle jare uitleef, mense sal huise bou en daarin woon, ander sal wingerde plant en die vrug van hulle hande geniet.” Vir Fung is hierdie prioriteite aanduidend van God se wil vir ons wêreld en daardie dinge waaraan ons eerste moet aandag gee.

Daarby is dit ook eg ekumenies. Dit vind aansluiting by die universele behoeftes van mense, naamlik dat kinders en bejaardes versorg word. Dit help mense aan ’n leefbare woning en stel hulle in staat tot produktiewe werk.

Markus 12:41-44

Die beroemde verhaal in Markus 12:41-44 bevestig ’n bykans universele ervaring.

Die armes is dikwels diegene wat die meeste blootgestel is, naamlik vroue, weduwees en bejaardes. Maar dit is juis hulle wat ’n ruimheid van hart openbaar en ’n gewilligheid om ver verby hulle vermoë vir ’n eerbare saak te help.

Hierdie verhaal bevestig verder dat min mense, selfs die armstes, heeltemal niks het om by te dra nie. Dit is wonderlik dat Jesus die weduwee se voorbeeld as maatstaf vir rykes voorhou van hóé ’n mens God vir jou toekoms kan vertrou.

Jakobus 1:27

Jakobus 1:27 gebruik die uitdrukking “voor God” om ware en egte godsdiens te kwalifiseer. So ’n godsdiens is gebore uit die ontmoeting en wandeling voor God se aangesig. Om daarvan bewus te wees dat ons voor God verkeer, maak ons sensitief vir mekaar. Dit ontsluit ons geloofsoë om God se gebrokenes raak te sien, hulle aan te raak en by te staan. ’n Mens wat “voor God” lewe, vrees nie meer die nabyheid van die wees en die weduwee nie. Hulle is allermins ’n las. Hulle is eerder deelgenote van God se genade.

1 Johannes 3:17

In 1 Johannes 3:7 word die verhouding van dié wat het en dié wat gebrek ly, verhelder.

Feit is dat baie van ons baie aardse besittings het. Die vreemde is dat ons dikwels die gebrek miskyk en misken. Kan dit wees dat ons géén gevoel vir die medemens in gebrek het nie?

Christene leef in ’n nuwe verband met mekaar. Dit is ’n onmoontlike moontlikheid dat ons die behoeftes van die armes kan miskyk, en tog ... Gereformeerde gelowiges is, mense wat veral op die korrekte en suiwer leer gesteld is. Het ons miskien die belangrikste nagelaat – om liefde te betoon?

Ons teks herinner ons egter daaraan dat geen mens tot deernis beweeg word as jy nie blootstelling aan ander se behoeftes beleef nie. Die isolasie van ons geloofsgemeenskappe en die gebrek aan blootstelling, veroorsaak dat ons te midde

van lewensbeproewing kan lewe en glad nie omgee nie, want ons sien dit geriefshalwe nie.

Die omvang en aard van armoede in Suid-Afrika

Wanneer dit by lewenstandaard kom, is Suid-Afrika van die mees ongelyke lande in die wêreld.

Hierdie ongelykheid is duidelik 'n direkte uitvloeisel van ons geskiedenis van verontregting en bevoordeling.

Dit sou egter 'n fout wees om die oorsake van armoede bloot in die verlede te soek. Die benadering van regeringskant en sakesektor tot die ekonomie dra grootliks by tot die huidige wanbalans in inkomsteverspreiding.

Albei die owerheid en privaatsektor strewe om binne 'n hoogs kompeterende omgewing ontwikkeling te bevorder. Die resultaat is dat die Suid-Afrikaanse ekonomiese groei beter is as in 'n lang tyd, maar dat ongelykheid en werkloosheid terselfdertyd toeneem.

Verskeie skrywers sê dat armes hulleself in 'n armoedestrik bevind. Werkloosheid, swak opleiding, diep geïnstitusionaliseerde ongelykhede in mag, eiendom en geleenthede, die fragmentering van sosiale strukture en die dinamika van geweld, misdaad en swak gesondheid, dra alles by om die armes in 'n toestand van groeiende armoede te hou.

Dié faktore maak dat sommige ekonome van 'n 50-50-samelewing praat. Vyftig persent het 'n redelike en selfs oorweldigend-goeie vlak van lewensgehalte. Die ander 50 persent kom nouliks die mas op, of is versink in chroniese armoede.

Bate-gebaseerde versus tekort-gebaseerde benadering

Tot dusver het ons nog net gefokus op inkomste as die maatstaf van armoede. Daar is egter ander benaderings wat daarop wys dat armoede nie slegs materieel is nie.

Die meeste armes ervaar hulle omstandighede ook op 'n sielkundige en geestelike vlak. Een Indiese Christen-skrywer toon aan dat die armes dikwels binne 'n web van leuens vasgevang is. Hulle dink dat armoede hulle lot is. Gevolglik internaliseer hulle dit byna soos 'n ideologie dat hulle minderwaardig is.

Hulle betwyfel hulle Godgegewe gawes en menslikheid. Hulle gees en identiteit is verwond.

Ons kan hierdie benaderings groepeer onder die gedagte van 'n tekort- ("deficit") perspektief. Die gedagte is dat dit die armes ontbreek aan sekere fundamentele bronne en dat hulle daarom in armoede vasgevang bly.

Sedert die 1990's het daar 'n nuwe benadering ontstaan. Dié benadering vra na die oorlewingsbronne van arm mense. Die uitgangspunt is dat armes nie hulpeloos is nie. Hulle het versteekte ("hidden") bronne en strategieë om daagliks te kan oorleef.

Om effektief iets aan armoede te doen, is die sogenaamde "tekort-benadering" nie genoeg nie. Ons moet die bronne en toegang van die armes versterk en op hulle terme hulle bemagtig.

Die bate-gebaseerde benadering plaas armoedehuishoudings binne 'n krisiskonteks ("vulnerability context") waarin hulle aan regering- en samelewingsinstellings uitgelewer is. Arm gesinne se daaglikse oorlewingstrategieë is dan 'n poging om hulle blootstelling aan krisis te bekamp en die regering en sakesektor op hulle behoeftes te laat reageer.

Nodeloos om te sê, regerings en die sakesektor plaas dikwels enorme hindernisse in armes se pad. Die privaatsektor argumenteer dat armoedeverligting nie hulle taak is nie. Die regeringsburokrasie frustreer armes elke dag mateloos.

Aan die hart van die bate-gebaseerde benadering is die besef dat die armes oor minstens vyf bates beskik. Hulle het:

- Menslike bronne (vaardighede en opvoedkundige bates)
- Sosiale bronne (skool, kerk, kliniek, klubs, kultuurgroepe, begrafnisklubs)
- Natuurlike bronne (water, grond, huis, tuin, pluimvee)
- Fisiese bronne (elektrisiteit, telefoon, fiets, bakkie)
- Finansiële bronne (pensioene, toelae, lone)

Arm mense het gewoonlik baie beperkte inkomste en hulpbronne. Die infrastruktuur van arm gemeenskappe is normaalweg ver onder standaard. Die twee bates waarop hulle grootliks steun, is hulle sosiale en menslike ondersteuningsnetwerke. Dié netwerke bestaan uit familie- en gemeenskapsisteme, veral van kerkorganisasies. Anders as met welvarende mense wat normaalweg groot toegang tot bronne het waar sosiale verbintenisse minder belangrik is, heg armes byna 'n oorspanne waarde aan netwerke.

Die bate-gebaseerde benadering help ons om die armes se blootstelling te onthou, hulle frustrasies te identifiseer en hulle strategieë te help versterk.

Hoe kan gelowiges 'n verskil maak?

Die navorsingsresultate sê dat daar 'n sistemiese verband tussen welvarendes en armes is. Die Bybel praat van 'n belydenisband wat tussen welvarende gelowiges en behoeftiges bestaan.

Armoede is dus nie 'n onoorkomelike probleem nie. Ons land produseer genoeg om elke mond te voed, elke kind op skool te plaas en 'n inkomste aan almal te verseker. Ons probleem is eerder een van bestuur en betrokkenheid as een van tekort.

Hoe kan gelowiges 'n verskil maak?

- Daar sal beslis armes in jou omgewing wees (selfs in die welvarende gebiede). Ontwikkel 'n projekkomitee om in eie kring iets aan armoede te doen.
- Waar gemeenskappe en kerke welvarend is, sal die grootste nood buitekant die gemeentegrense lê. Begin 'n vennootskap met 'n gemeente in 'n arm buurt. Talle ryk gemeentes onderhou kerkplanters in Oos-Europa of Asië. Wat van 'n volhoubare program plaaslik in 'n swart of bruin gemeenskap?
- Binne elke gemeente is daar gelowiges met die tipe kundigheid, tyd en passie om 'n vennootskap te begelei. Benut die ongebruikte gawes van mense. Lê waagmoed aan die dag en gee beslissende treë.

[Aangepas uit: *Twee wêrelde in een – die uitdaging van armoede vir die kerk in:* **God praat. Leef luisterryk: Vir gesprek oor sensitiewe kwessies**. Bybel-Media. Wellington 2007.]

"Nodeloos om te sê, regerings en die sakesektor plaas dikwels enorme hindernisse in armes se pad. Die privaatsektor argumenteer dat armoedeverligting nie hulle taak is nie. Die regeringsburokrasie frustreer armes elke dag mateloos."